higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 2

(8021022)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

NOTA: As jy meer as die verlangde aantal vrae beantwoord, sal slegs die verlangde aantal vrae nagesien word. Al die werk wat jy nie nagesien wil hê nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord ALLE vrae in AFDELING A, B en C en slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Laat 'n spasie en trek 'n lyn ná die voltooiing van elke vraag.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Beantwoord die volgende vrae deur die korrekte antwoord te kies. Verskeie moontlike antwoorde word verskaf. Skryf slegs die letter (A–D) van die gekose antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kriminologie gebruik wetenskaplike metodes om ... te bestudeer.

A die aard van misdaad en kriminele gedrag
B die omvang van misdaad en kriminele gedrag
C die oorsake en beheer van misdaad en kriminele gedrag
D Al die bogenoemde

1.2 Postmoderne kriminoloë wil bepaal wat misdaad veroorsaak en fokus op risikofaktore soos ... wat met kriminele gedrag geassosieer word.

A lae inkomste en groot verskil tussen inkomstevlakke
B lae koers van alkohol- en dwelmmisbruik
C herhaalde viktimisering van veral jongmense
D Al die bogenoemde

1.3 'n Kriminoloog se pligte sluit in …

A die insameling van wetenskaplike inligting oor misdaadpatrone en -tendense.
B die ontwikkeling van teorieë om te begryp wat misdaad veroorsaak.
C om die aard van misdaad en spesifieke misdaadpatrone te bestudeer.
D Al die bogenoemde

1.4 Deur eties op te tree, sal kriminoloë …

A daartoe verbind wees om die algemene welstand van alle individue en groepe in die gemeenskap te verbeter.
B versigtig wees om nie vorme van sosiale ongeregtigheid van die verlede, soos diskriminasie te herskep nie.
C altyd die regte en waardigheid van alle mense respekteer.
D Al die bogenoemde

1.5 Die Grondwet beskerm die fundamentele regte van alle Suid-Afrikaanse burgers; slagofffers het die volgende regte:

A Diskriminasie of vooroordeel gegrond op sosiale of ekonomiese klas
B Diskriminasie of vooroordeel teen mense van 'n spesifieke klas
C Vryheid van samekoms, demonstrasie en petisie
D Al die bogenoemde

Kopiereg voorbehou

1.6 Ander risikofaktore wat 'n rol kan speel om kriminele gedrag te veroorsaak gedurende 'n kind se ontwikkeling is …

A die ouer-kind verhouding en ouerskapstyle.
B assosiasie met misdadige portuur.
C alkohol- en dwelmmisbruik**.**
D Al die bogenoemde

1.7 Simptome geassosieer met depressie sluit in …

A meer geïnteresseerd in aktiwiteite wat voorheen minder interessant was.
B gewigsverlies en gewigstoename.
C besoek vriende en neem deel aan sosiale aktiwiteite.
D Al die bogenoemde

1.8 Lynfunksie verwys na spesifieke take wat elke afdeling in die polisiediens vervul.

Hierdie funksies is soos volg:

A Sigbare polisiëring
B Speurdienste
C Kriminelerekord- en forensiesewetenskapdienste
D Al die bogenoemde

1.9 Amptelike misdaadstatistieke gee ons geen inligting oor …

A misdade wat nie aan die polisie gerapporteer is nie.
B wat die oorsake van misdaad is nie.
C hoe goed die polisie hulle werk doen nie.
D Al die bogenoemde

1.10 Vanuit 'n multidimensionele benadering is die volgende faktore belangrik vir misdaadvoorkoming:

A Regeringsorganisasies en gemeenskappe moet saamwerk om misdaadvoorkomingstrategieë te implementeer
B Die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet sektorpolisiëring implementeer
C Die Metropolitaanse Polisiedienste moet deelneem aan polisiërings-inisiatiewe
D Geen van die bogenoemde nie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde neer te skryf. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

burgers; kriminele viktimisasie; misdaad; kriminele gedrag; familie; gemeenskappe

2.1 Die wetenskaplike studie van … en kriminologie is 'n relatiewe nuwe studieveld.

2.2 Kriminoloë het 'n plig om eties teenoor hulle kliënte, naamlik die gemeenskap, … en individue op te tree.

2.3 Die reg van Suid-Afrika se … om in 'n omgewing te leef wat voordelig is vir hulle welstand word deur die Handves van Regte beskerm.

2.4 Die … is die belangrikste eenheid wat iemand vir die lewe voorberei.

2.5 Ons kan ... meet deur middel van slagoffer-opnames en selfgerapporteerde studies.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		**KOLOM B**
3.1	Pro-sosiaal	A	fokus aktief op die aanpak van negatiewe of vernietigende aspekte van iemand se gedrag, soos alkohol- of dwelmmisbruik
3.2	Onververvreembaar		
3.3	Utilitarianisme	B	vrywillige optrede wat beoog om ander individue of groepe te help of bevoordeel
3.4	Sosiale geregtigheid	C	die verdeling van voordele en nadele in die gemeenskap
3.5	Terapie	D	nie in staat om verloor te word of weggegee te word nie
		E	mense sal dinge doen om geluk en plesier na te jaag om pyn te vermy

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Kriminele reg het 'n belangrike studieveld geword vanweë die konstante bedreiging en impak van misdaad op die gemeenskap.

4.2 Om misdaad te begryp, bestudeer kriminoloë die uitwerking van misdaad in die gemeenskap.

4.3 Die kriminoloog se professionele rol is om misdaad en kriminele gedrag uit 'n wetenskaplike perspektief te bestudeer en te ontleed.

4.4 Kriminoloë word in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se spesiale ondersoekeenhede aangestel.

4.5 Die gemeenskap is die natuurlike eenheid wat die basis van die gemeenskap vorm.

4.6 Die polisiebeampte moet die slagoffer se verklaring in sy of haar eie taal afneem.

4.7 Wanneer iemand versteurd is, beskou ons dit gewoonlik op 'n positiewe manier.

4.8 Makro-sosiale faktore verwys na faktore in die gemeenskap wat geassosieer word met dit wat misdaad veroorsaak.

4.9 Ons kan kriminele viktimisasie meet deur vraelyste en onderhoude te gebruik.

4.10 Ons kan gemeenskapsgebaseerde organisasies omskryf as formele of informele groepe mense met gedeelde belange of doelwitte.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die rol van regeringsinstellings om misdaad te verlaag en te verhoed. (5)

5.2 Beleidsmaking is die proses wat soms die beleidmaaksiklus genoem word.

Noem SES stadiums van die beleidmaaksiklus. (6)

5.3 Noem die DRIE groepe misdaadslagoffers. (3)

5.4 Noem SES studierigtings van viktimologie. (6)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

KwaZulu-Natal (KZN) Regsvereniging: Regsvereniging verwelkom die aanstelling van Hooggeregshof van Appèl Regter Leona Theron 17 Julie 2017

Die President en die Raad van die KZN Regsvereniging verwelkom die aanstelling van die appelhofregter Leona Theron as 'n regter in die Grondwetlike Hof van Suid-Afrika.

Nieteenstaande haar nederige omstandighede het sy met toewyding, vasberadenheid en energieke aanslag volhard in haar gekose beroep en is gou beskou as 'n hoogsgerespekteerde advokaat. Op die baie jong ouderdom van 33 was regter Theron een van die jongste aanstellings by regskantore en is daarná as 'n regter in die appèlhof.

In dié kantoor het sy haar verder onderskei en 'n benydenswaardige reputasie en hoogs suksesvolle loopbaan opgebou en word deur haar eweknieë in die regsberoep, beide as 'n praktisyn en daarna as 'n regter gerespekteer.

Sy het die bepalings van ons eerbare grondwet stiptelik toegepas in die oortuiging dat ons oorlewing, voorspoed en grootheid as nasie afhanklik is van ons vermoë om as nasie deur middel van sy regeringsinstellings inhoud te gee aan die waardes van die Grondwet.

Dit sluit onder meer die kwessies van waardigheid, gelykheid en vryheid in, en pak ook die historiese en nalatenskapkwessies van diskriminasie en sosio-ekonomiese ongelykheid aan. In 2008 het Theron 'n uitspraak in die KZN-hooggeregshof oorhandig toe sy bevind het dat vroue in tradisionele huwelike in werklikheid binne gemeenskap van goedere getroud was en dat soortgelyke regte en voordele hulle dus toegeval het.

In Gumede (neé Shange) v President van die Republiek van Suid-Afrika en Ander, het Theron geskryf dat die regeringsreg wat deur die kodifisering van gewoontereg ingestel is, is prima facie diskriminerend. Dit is diskriminerend aangesien slegs Suid-Afrikaanse vroue deur die wet onderworpe is aan sulke gevolge. Die diskriminasie is gegrond op twee vlakke naamlik ras en geslag volgens artikel 9 (3) van die Grondwet.

Regter Theron, in haar private lewe, is baie toegewyd aan haar familie en vriende. In die verlede het sy tyd gemaak vir 'n aktiewe betrokkenheid by die opleiding van aspirantregters; sy is 'n bekwame pianis en violis en het ook 'n passie vir poësie.

Haar aanstelling is geïnspireerd en sal 'n verdere krediet wees vir die aansien waarin die regbank van Suid-Afrika gehou word, veral vir sy onafhanklikheid.

Uitgereik deur KwaZulu-Natal Regsvereniging [Bron: *www.news24.com*]

6.1 Wat verstaan jy met die term *juridiese proses*. (1)

6.2 'Regter Theron was een van die jongste aanstellings tot geregtelike kantoor en is daarna aangestel as appelregter. In dié kantoor het sy haar verder onderskei en 'n benydenswaardige reputasie en hoogs suksesvolle loopbaan opgebou en word deur haar eweknieë in die regsberoep, beide as 'n praktisyn en daarna as 'n regter gerespekteer.'

Verduidelik die rolle en funksies van die Suid-Afrikaanse howe in die toepassing van geregtigheid. (12)

6.3 Wat is die DRIE grootste rolspelers in die kriminele juridiese stelsel? (3)

6.4 Noem VYF groepe wat vir slagoffers van misdaad tot hulp kan wees in die kriminele regstelsel. (5)

6.5 In watter hof het Regter Theron in 2008 'n seminale uitspraak gelewer? (1)

6.6 Noem VIER areas van konflik wat tot kriminele of misdadige gedrag kan lei. (4)

6.7 Wat haar persoonlike lewe betref word Regter Theron beskryf as iemand wat uiters toegewyd is aan haar familie en vriende.

Noem VIER verskillende tipes families. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die volgende vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

7.1 Misdaadvoorkomingstrategieë moet gesetel wees in verskeie misdaadvoorkomingsmodelle.

Ontleed VYF misdaadverlagings- en -voorkomingsmodelle. (10)

7.2 Ontleed die verskillende bronne van amptelike misdaadstatistieke. (5)

7.3 Demonstreer hoe 'n swak selfbeeld tot misdaad kan bydra. (5)
[20]

OF

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

8.1 Dui aan hoe negatiewe aspekte tydens 'n individu se groei en ontwikkeling tot misdaad kan bydra. (10)

8.2 Omskryf die konsep *menseregte* wat dit insluit en wat dit behels om menslik te wees. (5)

8.3 Beskryf die kriminoloog se rol om beleide te ontwikkel en te implementeer. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou